

# Teoloog en digter. Twee siele in één bors

Cas Vos

(Digter en Emeritus-Dekaan, Teologie, Universiteit van Pretoria)

## Oriëntasie

**T**eoloog en digter beliggaam twee siele in één bors. Dit lei tot die spanning tussen kerk en kultuur. As teoloog is die digter verbind aan die kerk, maar ook aan die wêreld. Die spannende vraag is: hoe, indien wel, word hierdie verhouding in stand gehou?

As teoloog is ek besig om te probeer verstaan hoe die Woord van God deur mensewoorde sin aan die hede en die toekoms gee. Maar as digter is ek 'n maker van die woord. Gedigte word deur literêre maatstawwe gemeet. As digter kan ek wel ryklik uit my kennis van die Bybel en die Antieke tekste put. Ek kan die hede met die wêreld van die Antieke deurlig. In dié verband kan na die Gilgamesj epos, die Odusseia en die Ilias verwys word. Die digter leer ook die poëtiese strategieë van Antieke tekste ken en maak ruimskoots daarvan gebruik. In hierdie artikel sal aangetoon word op welke wyse hierdie kennis ingespeel het op twee gedigte wat ek gemaak het na aanleiding van Psalm 23.

## 'n Uitleg van Psalm 23

Ten einde gedigte te kan maak wat by Psalm 23 aansluit, moet Psalm 23 natuurlik eers verstaan word. Al kan dié Psalm 'n vertrouenspsalm genoem word, soos Zenger in sy bespreking van die Psalms aantoon, beoog dit om troos in konkrete lewensituasies oor te dra. Een van die funksies van die psalm is om die leser of hoorder te bemoedig in moeilike tye. Vertroue is die teenwig van aanvegting, net soos "spore van geregtigheid" (vers 3b) die teenbeeld van die "dal van duisternis" (vers 4a) vorm. Daarom het die psalm

deur die eeue verskillende emosies en besinning ontlok. Dit wissel van troos, nostalgie of vervreemding, ergernis, vir sommige 'n voorwerp van spot. Dat al hierdie emosies aan dieselfde psalm toegedig word, toon aan dat 'n digter in 'n gedig, soos Psalm 23, sy diepste gevoelens van droefheid, woede of vreugde kan uitdruk, maar ook dat die leser die stof dikwels volgens eie behoefte interpreteer.

**“Die Here is my herder.”  
Vyf gevleuelde woorde met  
'n reikwydte wat oor eeue  
strek. Hierdie teks het  
redenaars, skilders, digters  
en musici deur die eeue  
geboei.**

“Die Here is my herder.” Vyf gevleuelde woorde met 'n reikwydte wat oor eeue strek. Hierdie teks het redenaars, skilders, digters en musici deur die eeue geboei: Die boek van die ekoloog, herder en natuurfotograaf Philip Keller oor Psalm 23, veral die herdersaspek daarvan, beleef byvoorbeeld in agt jaar nege en dertig herdrukke. 'n Skrywer se droom! Die papier is uitgevoer met 'n sagte geel pasteltint, voorsien van skape en hulle toegewyde herder. Met sy *sheepstyle* haredos kyk hy vriendelik na ons. In die lig van dié siening van die psalm is dit nie vreemd nie dat daar nogal ironiserende en sarkastiese variante daarvan in omgang is. Leo Herberghs kritiseer die kudde-mentaliteit van ons samelewing met hierdie variant: “die here is ons herders / hulle lei ons oor weivelde / na waters van ontspanning”.

**Die psalm lei ons op ons lewenspad, in ligte en donker dae. Die psalm troos ons op die siek- en sterfbed. Psalm 23 lei ons ook na die Nagmaalstafel waar ons eregaste is.**

Vir die geloofsgemeenskap het die psalm egter 'n ander betekenis. Die psalm lei ons op ons lewenspad, in ligte en donker dae. Die psalm troos ons op die siek- en sterfbed. Psalm 23 lei ons ook na die Nagmaalstafel waar ons eregaste is.

### Interpretasie

'n Netwerk van metafore is opgebou rondom die motief van die herder in Psalm 23. Schuman wys op die opvallende chiestiese rangskikking van die psalm: verse 1b-3: belydenis/getuïenis (Hy-ek), vers 4: 'n vertrouensgebed (ek-U), vers 5: 'n vertrouensgebed (U-ek) en vers 6: belydenis/getuïenis (ek-Hy). Die psalm bestaan uit vyf strofes, naamlik vers 1-4 (drie strofes) en vers 5-6 (twee strofes).

Die titel "herder", wat aan die heersende koning toegedig was, word byvoorbeeld volgens Otto se studie oor die koningspsalms, gereeld in die hofferminologie van die antieke Nabye Ooste gevind. In die proloog van die Codex van Hammurabi word hy as 'n herder wat deur Enlil geroep is, beskryf.

Die motief van die herder word ook in die Ou Testament aangetref. Die titel "herder" is egter nie aan die heersende koning toegesien soos in Egipte en Mesopotamië nie. Dit is wel af en toe aan Dawid toegedig (2 Samuel 5:2; 7:7; 24:17) en word gereeld gebruik wanneer leiers daarvan aangekla word dat hulle hul pligte afskeep (Esegiël 34:4 ev.).

In talle gedeeltes van die Ou Testament word Jahwe voorgestel as sy mense se

herder (vgl. Psalm 80:2; Jesaja 40:11; 63:14; Jeremia 23:3; Esegiël 34:10; vgl. ook Psalms 74:1; 79:13 en Hosea 4:16). In Psalm 23 is die metafoor egter verpersoonlik, dit wil sê "my" herder. Die metafoor van die herder kom in die eerste strofe voor. Die nominale sin, "Die Here is my herder" (vers 1), lei nie net die volgende stiges waar die motief van die herder ontwikkel word in nie, maar dien na alle waarskynlikheid as 'n opskrif en 'n opsomming van die sentrale tema van die psalm. Die sin word in die vorm van 'n belydenis aangebied. Die oorfloed wat die herder gee (vers 1), word in verse 2-4 verder beskryf as Jahwe se herderlike sorg. Die stelling wat lui: "ek kom niks kort nie", word verder ontwikkel in verse 5-6. Die Naam, Jahwe, word eerste in hierdie nominale sinskonstruksie geplaas om die subjek te benadruk.

In hierdie kunstig saamgestelde psalm word Jahwe nie net aan die begin van die sin geplaas nie, maar ook aan die einde daarvan (vers 6b). Die goddelike aanspreekvorm kom twee keer in die psalm voor en vorm 'n raam vir die psalm. Hierdie *inclusio* word versterk deur die alliterasiepatroon van "ek kom niks kort nie" (vers 1) en "ek sal in die huis bly" (vers 6b), asook die eerste persoon werkwoordsvorme "ek kom niks kort nie" (vers 1) en "ek sal bly" (vers 6b) (vergeelyk W.S.Prinsloo, *Die Psalms leef!* 1991).

Die motief van die herder loop oor in die frase "ek kom niks kort nie" en werp lig op die inleidende stelling "die Here is my herder". In die eerste stanza (versreëls 1-4) word meegedeel dat die digter nie voedsel, sekuriteit of vreugde sal kortkom nie. In die semi-woestyn van Palestina word groen weivelde en water selde gesien. Die enigste groen plantegroei word gewoonlik rondom die fontein aangetref. Dus is die kudde afhanklik van 'n goeie herder, wat weet waar om groen weivelde en water te vind waarna hy hulle kan lei. Daar kan die kudde ook skuiling vind van die ongenaakbare middagson. 'n Goeie herder lei sy kudde op die regte paaie, sodat hulle nie afdwaal of wegraak nie. Die frases "groen weivelde" en "stil waters" weerspieël die oorfloed wat die herder die kudde onder

sy sorg kan bied. In die konteks van die motief van die herder en binne die raamwerk impliseer die uitdrukking in vers 3a dat Jahwe 'n bron van vernuwende krag is wanneer die digter uitgeput is deur die lewe.

In vers 3b word dit duidelik gemaak dat die herder die digter op die regte paaie lei, sodat hy sy eindbestemming kan bereik. Die implikasie is dat daar verkeerde afdraaie en gevaarlike paaie is wat die digter eerder kon gekies het. Die herder ken al die regte paaie waarlangs hy sy kudde lei. Tussen die berge van Judea is daar diep, gevaarlike en donker kranse met talle grotte, die skuilplek van rowers en roofdiere. Die digter gebruik hierdie beelde om aan te dui dat Jahwe, die herder, saam met sy kudde in die "vallei van die skadu van die dood" is, ook wanneer die grootste gevare hulle in die gesig staar.

Die stelling dat Jahwe die digter op die regte paaie lei, verwys, aldus Schuman, na hoe die digter gelukkig wandel langs Jahwe wat hom bewaar, na sy lewe omsien en voorsiening maak vir sy redding. Jahwe lei die digter op die regte paaie "vir sy Naam se onthalwe", wat regverdigheid en waarheid aandui (Eksodus, 34:6 ev.).

In Psalm 23 se struktuur dien vers 4b as die draaipunt en dit word bevestig deurdat dit presies in die middel van die psalm voorkom. Vers 4b is 'n bevestiging van die stelling in vers 4a en verskaf ook 'n voorsmaak van dit wat nog in die res van die psalm verwag kan word. Die eerste deel van hierdie vers is 'n meedeling van vertroue in die teenwoordigheid van Jahwe. Sy persoonlike teenwoordigheid word beklemtoon deurdat Hy direk in die tweede persoon aangespreek word, asook deurdat die persoonlike voornaamwoord "U" aan die begin van die sinskonstruksie geplaas is. Die uitdrukking "U is met my" dui aan dat die digter die teenwoordigheid van die Here ervaar.

Die tweede deel van vers 4b wys daarop dat die teenwoordigheid van Jahwe ook 'n beskermende teenwoordigheid is. Daar is uiteenlopende sieninge wat betref die betekenis van die uitdrukking "u stok" en "u staf". Die "stok" is 'n wapen wat deur die

herder gebruik is om sy kudde teen roofdiere te beskerm. Die "staf" is gebruik om op te leun terwyl hy sy kudde bymekaar maak en hulle lei. In Egipte het die staf as teken gedien vir die godheid, of as die koning se simbool van beskerming.

Vers 5b spel nog duideliker as vers 5a die vooruitsig uit wat aan die digter gebied word. Die klem is egter op Jahwe as 'n gasheer. Die uitdrukking "Jahwe berei my tafel voor", verwys ook na die feit dat Jahwe sy gasvryheid aan die psalmis voorhou. Die maal is die bewys van Jahwe se beskermende en versorgende aard. Schuman sien dit in die lig dat Jahwe die maal voorberei "in die teenwoordigheid van my vyande", wat slegs hulpeloos kan toekyk. Ooglopend verkeer die digter in een of ander tipe gevaar, en daarom het hy Jahwe se beskerming en herderlike sorg nodig. Vers 5a skets Jahwe se negatiewe aksies teen die vyande en vers 5b beskryf die positiewe, goedgeunstige houding van Jahwe teenoor die digter. In vers 5b word verklaar: "U salf my hoof met olie". Die salwing met olie deur die gasheer by die aanvang van 'n maal is 'n uitsonderlike eer en geen moontlike gevaar kan Jahwe verhoed om sy gas sy seën te laat ontvang nie. "My beker loop oor". Wyn en 'n oorvloedige beker is simbolies van oorvloed en genieting.

**Die digter wil terugkeer na die "huis van die Here." Die uitdrukking "huis van die Here" is 'n tegniese term wat dui op die tempel. Dit wys op die blywende ervaring van sy teenwoordigheid en beskerming en die genieting aan sy tafel.**

In vers 6a vind ons die woorde "goedheid" en "liefde", wat letterlik die digter sal "agtervolg". Die werkwoord "agtervolg" het ge-

woonlik negatiewe konnotasies. Dit verwys dikwels na vyande wat iemand agtervolg. In vers 6a word die digter nie agtervolg deur vyande nie, maar deur “goedheid en liefde.” Beide die gevolgtrekking van vers 6a en die einde van vers 6b dui aan dat die liefde en beskerming van Jahwe ewig-durend is. Die digter wil terugkeer na die “huis van die Here.” Die uitdrukking “huis van die Here” is ’n tegniese term wat dui op die tempel. Dit wys op die blywende ervaring van sy teenwoordigheid en beskerming en die genieting aan sy tafel.

## Neerslag in gedigte

Die Antieke tekste met sy ryk letterkunde is ’n onuitputlike bron vir die skep van gedigte. Verwerkings van Psalm 23 word oral in die letterkunde aangetref. Hiervan gee ek twee voorbeelde van my gedigte in Afrikaans, waarvan die eerste in *Vuurtong* (1999) en die tweede in *Die afdruk van ons hande* (2007) verskyn.

### Die Here is nie my herder nie

Die Here is nie my herder nie,  
ek kom alles kort.

Hy lei my na leegtes,  
laat my bloedsweet,  
bring my na ’n woestyn  
sonder manna se genade  
op die deinende duine.

Hy lei my op omweë  
om sy verlore eer te soek.

Ek kruip deur donker dieptes,  
my hart skommel bang;  
U het u hand teruggetrek,  
ek kyk vas teen u rug.

U laat my aan ’n kruis hang  
terwyl my vyande koggel.  
U ontvang my soos ’n rower,  
ek is oorlaai met skuld.  
Al slaan u stilte my stom,  
sal ek na U bly roep,  
ek, u weggooilam.

Die opvallende van die gedig is dat dit die Hebreeuse gedig dekonstrueer. Die positiewe van die Hebreeuse gedig word in negatiewe seggings uitgedruk. In die gedig kom die Here se afwesigheid as herder aan die lig. Sy afwesigheid word deur die digter pynlik ervaar. Die Here se afwesig-

heid bring lyding mee. “Bloedsweet” en “’n woestyn” is sy voorland. En tog moet die digter langs omweë “sy verlore eer” soek. Die Here se afwesigheid as herder laat die digter deur “donker dieptes” kruip en maak hom bang. Al wat hy sien, is die Here se “rug”. Sy vyande “koggel hom” en die Here ontvang hom “soos ’n rower”. Ten spyte van al die donker ervarings wat hom stom van stilte slaan, sal hy na die Here bly roep. Al is hy die Here se weggooilam, sal hy na die Here bly roep. Hierdie gedig beoog om die moderne mens se worsteling met die Here uit te druk. Al wat vir hom oorbly, is om na die Here te bly roep.

Die tweede gedig het ’n heeltemal ander toonaard. Dit lui soos volg:

### My anima is my herder

My anima is my herder, my beskermesylê my  
neer in vlaktes droë weivelde,  
lei my na waters van onrus en haat.  
Sy ontstel my siel, verlei my  
op die glyspore van onreg en kwaad,  
haar naam is bitter op my lippe  
in die skadu van my onderbewuste  
is vrees my donker metgesel.

In my hart met sy trosse kamers  
woon my broers en susters:  
hoogmoed, hebsug, wellus, woede,  
vraatsug, afguns, luiheid –  
die sewe wonders van my lewe,  
al my kortstondige dae.

Hierdie gedig tas na die mens se diep onderbewuste. Die *anima* en *animus* is in Carl Jung se skool van analitiese psigologie die twee primêre antropomorfe argetipes van die onderbewuste. Jung beskryf met die *anima* en *animus* elemente van sy teorie oor die kollektiewe onderbewuste, ’n domein van die onderbewuste wat die persoonlike psige transendeer. In die onderbewuste van die man vind die *anima* uitdrukking as ’n vroulike innerlike persoonlikheid. Die *animus* vind in teenstelling hiermee by die vrou uitdrukking as ’n manlike innerlike persoonlikheid (vgl. Jung en Sandford).

In die gedig is die *anima* die vroulike skadu van die man. Dit gaan om die menslike tekort (*la condition humaine*). Die donkerkant van die mens lei hom na “onrus en

haat". Meer nog: "Sy ontstel my siel, verlei my / op die glyspore van onreg en kwaad." Op hierdie pad is vrees die digter se metgesel. En die sewe doodsondes is sy broers en susters "al my kortstondige dae."

**Die wyse waarop die motiewe in Psalm 23 tot nuwe gedigte kan lei, blyk onder andere uit die manier waarop die stof herrangskik is en 'n ander resepsie en ervaring van die Psalm tot gevolg het.**

Hoe kom die mens uit hierdie moeras? Hoe kom 'n mens uit die moeras van lyding? Die mens wat die sewe sondes as die wonders van sy lewe ervaar, word deur Psalm 23 oorreed om te bely: "Die Here is my herder" en om op Hom te vertrou. Niks sal my kortkom nie, ook nie in lyding nie.

### 'n Slotbeweging

In hierdie artikel is aangetoon hoe 'n antieke Bybelteks nuwe gedigte in Afrikaans kan voortbring. Die wyse waarop die motiewe in Psalm 23 tot nuwe gedigte kan lei, blyk onder andere uit die manier waarop die stof herrangskik is en 'n ander resepsie en ervaring van die Psalm tot gevolg het. Die aanwending van nuwe metafore gee ook 'n ander ontvangs en betekenis van die teks.

Met Psalm 23 in ons harte kan ons die lewensreis aandurf. Want "die Here is my Herder".

### Bibliografie

Boecker, H.J. 1993. "Du sollst dem Ochen, der da drischt, das Maul nicht verbinden" – Überlegungen zur Wertung der Natur im Alten Testament. In Janowski, B., Neumann-Gorsolke, U. & Gleßner, U. (reds.). *Gefährten und Feinde des Menschen. Das Tier in der Lebenswelt des alten Israel*. Neukirchen-Vluyn: Neukirchener Verlag, pp 67-89.

Jung, C. 1973 (originally 1917). *The Psychology of the Unconscious*. Tel-Aviv: Dvir Co., Ltd.

Otto, E. 2002. Politische Theologie in den Königpsalmen zwischen Ägypten und Assyrien. Die Herrscherlegitimation in den Psalmen 2 und 18 in ihren altorientalischen Kontexten. In Otto, E. & Zenger, E. (Hrsg.). *"Mein Sohn bist du" (Ps 2,7). Studien zu den Königpsalmen*. Verlag Katholisches Bibelwerk: Stuttgart.

Prinsloo, W.S. 1991. *Die Psalms Leef!* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

Sandford, J.A. 1980. *The Invisible Partners: How the Male and Female in Each of Us Affects Our Relationships*. New York: Paulist Press.

Schuman, N.A. 2002. *Pastorale: Psalm 23 in Bijbel en Liturgie verwoord en uitgebeeld*. Zoetermeer: Meineima.

Vos, Cas. 1999. *Vuurtong*. Benedic Uitgewers: Pretoria.

Vos, C.J.A. 2005. *Theopoetry of the Psalms*. London: T&T Clark.

Vos, Cas. 2007. *Die afdruk van ons hande*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Zenger, E. 1993. Psalmen. In Hossfeld F.-L. & Zenger E. (Hrsg.). *Die Psalmen I. Psalm 1-50*. Würzburg: Echter Verlag.